PROBLEEMDIERE

# BENADER ONWETTIGE JAG MET HONDE SÓ

**SUID-AFRIKAANSE BOERE** is nie net besorg oor toenemend ongewone weerpatrone, grondkwessies en plaasmoorde nie, maar moet ook die groeiende misdadige bedrywighede op hul plase, soos die onwettige jag met honde, takel.

Dié jagbedrywighede het in die afgelope dekade meer georganiseerd en gesofistikeerd geraak. Dit dra by tot spanning tussen boere, gemeenskappe en selfs bewaringsorganisasies. Daar was al verskeie onaangename ervarings tussen boere en betreders. Laasgenoemde is meestal goed ingelig oor hul regte en regskwessies en gebruik dit tot hul volle voordeel.

Agri SA het derhalwe riglyne bekend gemaak oor hoe boere onwettige jag met honde op hul plase kan benader (sien kassie).

Die woord "jag" sluit in alle optrede deur mense wat private eiendom onwettig betree, waarskynlik met die doel om vee of wild te steel, te vang of dood te maak met die hulp van 'n hond of honde.

Daar kan geen twyfel wees oor die omvang van die probleem wanneer daar gekyk word na koerantverslae, tydskrifartikels en verwante navorsing nie.

Die Dierebeskermingsvereniging (DBV) het in 1998 dr. John Ledger, voorsitter van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe, in verband met dié probleem aangehaal. Ledger is van mening dat jag met honde die grootste bedreiging vir biodiversiteit in Afrika inhou.

Volgens 'n DBV-verslag van 2002 het me. Sian Hall, 'n akademikus wat tradisionele jaghonde oor 'n tydperk van tien jaar bestudeer het, bevind dat 'n groot persentasie honde wat vir jagdoeleindes gebruik word, in 'n buitegewone swak toestand is. Sy het bevind hulle is ondervoed, onversorg en besmet met wurms en bosluise.

Dr. Gerhard Verdoorn, bekende gifstofkenner en bewaringsaktivis, bevestig dit. "Hierdie honde word doelbewus uitgehonger om te verseker dat hulle wreedaardiger is wanneer daar gejag word."

Hy het na 'n spesifieke geval verwys waar hy gesien het hoe 14 mans met 42 honde alles van springhase tot meerkatte en kiewiete op 'n plaas naby Carletonville verskeur. Die polisie was glo apaties toe hy die voorval aangemeld het.

Die Universiteit van KwaZulu-Natal het beklemtoon dat honde nie doeltreffende jagters is nie – hulle verskeur hul prooi terwyl die diere nog leef.

Die universiteit het bevind dat die bloukraanvoël en ander kraanvoëlsoorte reeds met 90% afgeneem het teenoor die vorige tien jaar weens die ondeurdagte gebruik van honde. Dit word gedoen ten spyte daarvan dat mense met miljoene rande beboet kan word of gevangenisstraf van tot 25 jaar opgelê kan word indien hulle skuldig bevind word aan die jag van bedreigde fauna.

Verskeie provinsiale organisasies van Agri SA het aktief betrokke geraak by pogings om hierdie kwessie, wat onlangs baie vererger het, te pak.

Volgens Agri SA is dit belangrik om uiters versigtig te werk te gaan wanneer gevalle van onwettige jag met honde plaasvind. Wanneer grondeienaars vind dat honde hul eiendom vernietig, moet die polisie onmiddellik daarvan in kennis gestel word.

Voordat honde geskiet word, moet grondeienaars egter besef dat klagtes teen sodanige grondeienaars algemeen is. Daarom moet alle moontlike beskermingsmaatreëls aangewend word. Daar word ook aanbeveel dat boere hul veiligheidsnetwerk betrek sodat bure hulle kan ondersteun, veral wanneer verskeie oortreders betrokke is by die onwettige jag met honde op hul grond.

Hoewel onwettige jag met honde beskou word as 'n ernstige oortreding, moet grondeienaars sorg dat hulle die regte prosedures volg en soveel bewyse moontlik teen die oortreders versamel. Agri SA beveel aan dat hulle eerder die plaaswag uit die staanspoor betrek. **LBW**



Boere ly groot skade weens toenemende onwettige jag met honde. FOTO: LBW-ARGIEF

## VOLG DIÉ STAPPE

**Riglyne wat boere kan volg wanneer hulle die probleem van onwettige jag met honde probeer oplos, is op onlangse samesprekinge met die polisie ter tafel gelê. Die riglyne is:**

- Pas Agri SA se toegangsprotokol toe en vertoon die toepaslike kennisgewing by ingange en grensheinings. Sluit hekke en maak beskadigde omheinings reg.
- Meld elke geval van onwettige jag met honde by die plaaslike polisiekantoor aan en hou rekord van alle saaknommers.
- Die misdaadtoneel moet onaangeraak gelaat word totdat die polisie bewyse, soos voertuigbandafdrukke en spore, versamel en aangeteken het. Bewaar die bewysstukke wat nie verwyder kan word nie. Teken die name en adresse van moontlike getuies aan, moenie die feite met getuies bespreek nie en maak aantekeninge oor die posisie van voertuie, verdagtes, honde, hekke en heinings. Waar moontlik, neem foto's van voertuie, honde en verdagtes.
- Maak seker dat daar nie verdere verdagtes in die nabyheid is nie.
- Betrek die naaste DBV om behulpsaam te wees met die konfiskering van die honde.
- In die geval van skade wat deur honde veroorsaak is, moet grondeienaars 'n saak van kwaadwillige beskadiging van eiendom aanhangig maak en aandring op 'n vergoedingsbedrag.
- Indien jagbedrywighede voorheen toegelaat is en die grondeienaar dit nou wil beëindig, moet 'n regsprosedure gevolg word om onder meer bure, huurders en gemeenskapslede daarvan in kennis te stel.
- Boereverenigings moet die plaaslike vervolgingsowerheid betrek by vergaderings waar hulp met die hantering van voorvalle bespreek word.
- Gebruik die plaaslike prioriteitskomitee om aksieplanne te ontwikkel om die probleem te pak, soos patrollies en bewusmakingsprogramme.

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za